18 JULIE 2010 **AANDDIENS**

PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 1: 1-3

"Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Éfese is, en die gelowiges in Christus Jesus:
Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus!
Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,"

God is daarop ingestel om Sy kinders te seën. Dit is Sy begeerte, Sy wil om ons te seën.

Sy mees belangrike seëninge is in die hemel ver meer as die aardse.

ALLE GEESTELIKE SEëNINGE

ALLE - **BAIE** SEëNINGE

WAT IS DIE HOOGSTE SEëNING?

Geestelike Seëninge
God se seëninge is net **in Christus**

Johannes 1:16 "En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade."

EFESIëRS 1:4-6 "soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,
deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,
tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."

VERS 4 – **Uitverkies** en **Voorkennis**

Romeine 8: 29-30 "Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders;
en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik."

Kyk na die orde VOORKENNIS - DAN
UITVERKIES > DAN GEROEP

EFESIëRS 1: 7-8 "**In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,**
wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,"

In Hom Verlossing (Jesus Christus)

Verlossing van slawerny van sonde

Vergifnis van sonde
Om ons los te maak van dit wat ons gebind het.

DIE PRYS?

Jesus se bloed.
Alles kom deur genade.

EFESëRS 2: 8-9 "**Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;**
nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."

EFESIëRS 1:9-12 "deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,
om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig—
in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil,
sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het,"

Ons erfdeel ontvang.

EFESIëRS 1:13-14 "in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,
wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid."

Sommige hoor die woord, maar reageer nie daarop met geloof nie.

HEB.4:2 “**Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.”**

Hierdie nuwe bekeerlinge is gemerk met die seël – DIE HEILIGE GEES

SLOT

KOM ONS VAT SAAM –
GOD WIL ONS SEëN
IN HEMEL, MAAR OOK OP AARDE.

ALLE GEESTELIKE SEëNINGE

HY HET ONS UITVERKIES VOLGENS SY VOORKENNIS EN ONS GEROEP TOT SY EER.

HY HET ONS UIT DIE SLAWERNY VAN SONDE UITGEKOOP MET ‘N HOë PRYS

SY BLOED

IN HOM IS ONS ERFGENAME EN IS ONS VERSEëL MET DIE HEILIGE GEES.